

Verskonings wat my potensiaal doodmaak

*Jesus Christ is not the enemy of reason, but only of the irrational arrogance of those who pride themselves on their intellect, and of the self-sufficiency of reason.** – Emil Brunner, Revelation and Reason,

Verskonings wat my potensiaal doodmaak

“Ninety-nine percent of the failures come from people who have the habit of making excuses.”–George Washington Carver

Ons hoor gereeld verskonings wat ander mense maak en wat ons voel nie water dra nie. Maar as dit kom by my eie verskonings is ek redelik blind. Sekere verskonings word later vir ons aanvaarbaar. Dit is dikwels hierdie “aanvaarbare” verskonings wat my persoonlike groei en potensiaal doodmaak.

Hier is drie baie algemene verskonings:

- **Ek is besig**

Hoe dikwels sê ons nie dat ons te besig is om ‘n nuwe taak te begin nie – ons vertel selfs vir ander hoe deurmekaar ons lewens nou is. Om besig te wees is relatief. Die vraag is: Waarmee hou jy jou so besig? As jy besig is om belangrike dinge te laat gebeur, is dit goed. As jy egter skuldig voel na jy hierdie gelees het, is jy dalk nie so besig as wat jy dink nie.

- **Ek het dit nog altyd so gedoen**

Almal van ons het met verloop van jare sekere “beginsels” geleer. Hierdie “beginsels” belemmer eerder as help my bediening. Net omdat ek ‘n ding nog altyd op ‘n sekere manier gedoen het, beteken nie dat dit reg is nie. Een van die

voorwaardes vir groei, is dat ons sekere dinge moet “ontleer.” Ons moet ophou om die feit dat ons iets nog altyd op ‘n sekere manier gedoen het as verskoning te gebruik.

▪ **Ek kan niks van hulle leer nie**

Ons is baie geneig om onself met mense wat net soos ons dink, te omring. Daar is sekere mense na wie ons net nie uitreik nie, want ons kan mos niks leer van mense wat anders as ons is nie. Dit is nogal dikwels waar in die kerk. Miskien verwys die persoon te veel na een of ander skrywer waarvan ons niks hou nie. Of praat hy dalk te veel oor ‘n sekere onderwerp? Of hou ons nie van die musiek waarvan hy hou nie? As jy wegstroom van mense wat van jou verskil, keer jy dat jy jou volle potensiaal kan bereik en groei.

As ons wil slaag, moet ons vasstel of hierdie verskonings aanvaarbaar is.